MNR.&MEJ.CP

13 Maart 2025

**Beste Ouers**

**MNR. & MEJ. CP 2025: *Howdy, CP! Buckle up, dress up, giddy up!***

Ons sien so uit na ons spogaand op Dinsdag 25 Maart! Ons deelnemers oefen al kliphard aan hulle passies op die verhoog. Kaartjieverkope maak amper oop en uitrustings is in wording. Wat 'n lekkerte om hierdie saam met u kind te kan geniet. Ons hoop u maak van die geleentheid gebruik om sommer oor 'n koppie koffie of 'n glasie koeldrank met u kind te gesels en in hulle opwinding te deel en saam met hulle te droom. Vier elkeen se vonkel en uniekheid!

***Ons gee graag 'n paar laaste reëlings deur:***

- **Foto's** word vanaf 15:00 in me. Annelie van Rooyen, K9, se klas geneem. Alle deelnemers is welkom om hiervan gebruik te maak. Pakkette is soos volg:

- **Pakket 1: R70** **(2 x Jumbo grootte foto's)**
- **Pakket 2: R100** **(2 x Jumbo ,1 x (6x9)-vergroting)**
- **Pakket 3: R150** **(2 x Jumbo, 1 x (6x9), 1 x A4)**
- **Pakket 4: R140** **(*We Transfer* skakel na foto's. Verskaf asseblief u e-pos waarheen** ons die skakel kan stuur.)

*Ons het 'n hele span dames wat met ons deelnemers sal werk. Hulle sal seker maak dat hulle op hul mooiste glimlag en dit geniet. Stuur asseblief die regte bedrag in 'n koevert met u dogter of seun se naam en van, klas en die pakket duidelik aangedui op die koevert.*

- Ons deelnemers moet asseblief onderskeidelik om **16:30 vir die Juniors** en **19:00 vir die seniors**, in hul toesigklasse aanmeld.

**<u>Junior deelnemers:</u>**

| | |
|---|---|
| GRAAD RR-en R-Seuns: | Me. Amorie Fourie, K4 |
| GRAAD RR-en R-Dogters: | Me. Charné Swanepoel, K8 |
| GRAAD 1-Dogters: | Me. Nadia Bode, K7 |
| GRAAD 2-Dogters: | Me. Zilana Uys, K6 |
| GRAAD 3-Dogters: | Me. Lulu Scholtz, K5 |

**<u>Senior deelnemers:</u>**

| | |
|---|---|
| GRAAD 4-Dogters: | Me. Charné Swanepoel, K8 |
| GRAAD 5-Dogters: | Me. Nadia Bode, K7 |
| GRAAD 6-Dogters: | Me. Zilana Uys, K6 |
| GRAAD 7-Dogters: | Me. Amorie Fourie, K4 |
| GRAAD 7-Seuns: | Me. Lulu Scholtz |

DIS HOÉ ONS DIE WÁT DOEN

MNR. & MEJ. CP

- **Kosstalletjies**: Daar sal vir u gerief so 'n paar kosstalletjies wees waar u aandete of peuselhappies kan koop.
    - *Chip 'n Dip*
    - *Donuts*
    - Koeldrank
    - Koffiewaentjie – *4th Coffee Revolution*
    - *New York style street dogs – The Gourmet Taste sensation.*

  Die stalletjies sal oop wees tot 19:30.

  **Ons versoek asseblief ernstig dat geen kos of koeldrank in die Rooikat-Arena ingeneem word nie. Slegs water is in die Arena toelaatbaar.**

- **Parkering** sal teen **R20** beskikbaar wees op die rugbyveld afhangende van die toestand van ons velde en **R30 as u beide vertonings** bywoon. Sou dit te nat wees kan ons dit ongelukkig nie toelaat nie.

- **Ons tema** – Ons Gr. RR – 6 maats trek volgens ons tema aan en kry dan ook 'n punt vir hul uitrusting. Onthou asseblief dat hulle nog steeds gemaklik en met selfvertroue moet kan beweeg en dans. Die Graad 7-seuns en -dogters se hemde sal ons op Donderdag, 20 Maart, uitdeel. Hulle trek dit aan saam met 'n kort of lang denim.

  Hou dit asseblief in gedagte as u u kind se uitrusting kies dat hulle op 'n verhoog beweeg en ook waar ons toeskouers sit.

Geniet die aanloop en saamloop met u kind! Ons maak reg vir 'n besondere aand!

**Rooikat-Groete**

**Dr. Louis Dey**
**HOOF**

**Me. Isabel du Toit**
**ORGANISEERDER**

DIS **HOÉ** ONS DIE **WÁT** DOEN